



Die SA Agulhas II.

Foto: VERSKAF

‘SA Agulhas II’ na Antarktika om skeepswrak te gaan soek

Die navorsingskip die *SA Agulhas II* vertrek binnekort na Antarktika as deel van ’n internasionale ekspedisie om die wrak van ’n skip wat in 1915 tydens ’n ontdekkingsreis gesink het op te spoor.

Die skip, met kapt. Knowledge Bengu aan die stuur, vertrek Saterdag uit Kaapstad as deel van die ekspedisie wat deur die Falklandse maritieme erfenistrust georganiseer word.

Die *Endurance*, van die ontdekkingsreisiger sir Ernest Shackleton, het in 1915 in die Weddell-see gesink nadat dit in die ys vasgeval het. Shackleton en sy bemanning kon die skip ontruim voordat dit gesink het.

Die doel van die ekspedisie is om die skeepswrak op te spoor en dit te verfilm.

Die trust werk saam met History Hit, ’n video- en inhouds-

platform waarvan die historikus Dan Snow die medestigter is. Dit is deel van die media-agentskap Little Dot Studios.

’n Span fliekmakers op die *SA Agulhas II* sal die ekspedisie dokumenteer en dit op verskeie digitale en sosialemediaplatforms deel.

Dr. John Shears, ’n geograaf en natuurwetenskaplike, lei die ekspedisie, wat wetenskaplikes insluit wat navorsing oor onder meer klimaatsverandering en aardverwarming doen, luidens ’n verklaring.

Die Suid-Afrikaanse maatskappy Ultimate Heli sal helikopterdienste tydens die ekspedisie lewer, luidens ’n verklaring op sy webtuiste.

Volgens inligting op die webtuiste van die Suid-Afrikaanse nasionale Antarktiese program sal die ekspedisie 35 dae duur.